Gegroet vanuit die Pastorie; hierna die Woensdag-brief vir 6 Mei 2020

Baie jare terug skryf ek ’n storie wat gaan oor ’n dorpie se doen en late na die land se ekonomie in duie gestort het en dit na ’n pandemie – dit was na diep denkers soos Anton Rupert gewys het op die gevaar van virus-pandemies wat een of ander tyd die mensdom sal tref. Dit is een van daardie soort stories wat ontdekkend is, wat ontwikkel soos mens dit skryf en tot vandag toe kon ek nog nie ’n slot uitwerk vir die storie nie. Eens wou ek die boek se titel maak *Oikonomia*, die Griekse begrip waarvan ons woord ekonomie vandaan kom, maar met betekenis die huishouding van God. In die storie skep die dorpie sy eie ekonomie deur waardelose geld tot almal se beskikking te maak. Elkeen kon vat soveel as wat hy of sy wou en as die geld opraak, dan word daar net weer nuwe geld gedruk. Wat dit doen, is om geld nie net waardeloos te maak nie, maar almal ekonomies op dieselfde vlak te plaas. Dit kan natuurlik net werk as die dorp homself volledig afgrens van alles anders. In die storie bly die sukkelaar egter steeds ’n sukkelaar en die suksesvolle persoon steeds suksesvol. Die gelukkige bly gelukkig en die ongelukkige bly ongelukkig. Wat wel in my storie platval, is politiek – dit word vervang met plaaslike voete op die aarde wysheid. Simpel storie – ek weet.

As ek van die land se leiers reg verstaan, dan kom die ekonomie van die land nie eerste nie – die voordeel kom menselewens toe. Die covid-19 aanslag het reeds die ekonomie vernietig, word ook sommer reeds prontuit verklaar. Wynkelders en boere kan maar ten gronde gaan want daar kom ’n nuwe ekonomie geskoei op radikale ekonomiese transformasie wat as’t ware uit die as van die vorige sal opstaan. Ek moet miskien my onvoltooide storie vir hulle stuur sodat hulle ’n slot kan voorstel. Ek lees die Bevelsraad wat in totale beheer is oor elke burger en president van die land, meen die corona-aanslag presies benader moet word soos ’n vyand en na corona bietjie gaan slaap het, sal die land bestuur moet word soos in ’n na-oorlogse tyd. Mens wil amper sulke uitlatings koppel aan die nodigheid vir die oproep van die volle weermag. Hulle het nog nie ’n oorlog beleef soos en baie van my tydgenote nie. Ek dink ook hulle het nog nie beleef hoe honger massas in redelose opstand oor ’n weermag kan stoomroller nie.

Nou weet ek nie so mooi wat die professor in teologie regtig bedoel as hy sê God nie op die kantlyn staan nie. Wat ek wel weet - dit het ’n korporaaltjie vir my geleer toe ek na-matriek ’n jaar moes offer vir die land, is dat dinge vinnig kan verander van goed na sleg en sleg na goed ook. Dit was laasgenoemde wat hy belowe het die weermag aan ons gaan doen en dit in ses weke. Om te probeer ontvlug van hierdie ses weke het ’n klompie van ons op vrye uitnodiging deel geword van ’n taktiese peloton – die voorloper vir die verkennerskorps wat ons sommer self al die recce’s genoem het. Dit was in die tyd dat ek besluit het om nie meer ’n predikant te word nie – vir my was die Skepper van hemel en aarde nie eens meer op die kantlyn nie en Grieks en Hebreeus bo my vuurmaakplek. ’n Paar jaar later het ek dit persoonlik beleef dat dit wat mens nie wil sien gebeur nie, gebeur wel dikwels met jou. Anton Rupert, soos Bill Gates van Microsoft-faam, het baie gewaarsku teen die impak van ’n nuwe virus op die mensdom wêreldwyd. Hulle waarskuwings het waar geword en ek ’n predikant.

Dit voel vir my ek is weer in die storie wat se slot ek nog soek. Dit voel vir my die korporaaltjie skreeu weer in my een oor dat dit eintlik pyn. Dit voel vir my so baie mense praat so maklik oor uitdagings en sien so maklik so baie mense as stout kinders wat voorgesê moet word. Ek voel sommer om weer ’n recce te word om te veg teen die onsigbare covid-19, of te ontvlug om weer ’n natuurbewaarder in Etosha te wees wat soos Vanwyksdorp, aldus Riaan Malan soos hy vertel in Rapport-koerant, baie ontoeganklik vir die virus is, of selfs dalk om in die akademie terug te trek waar ek eens amper gewoon het.

Maar nou woon ek in ’n dorpie en in ’n land waarvan die ekonomie wil inplof en ingeperk in ’n pandemie. Ek woon in ’n dorp waar daar meer wynkelders is as enige ander dorp in Suid-Afrika en baie baie boere maar die land se leiers weet baie min van ons. Ek woon in ’n dorp waar sommige inwoners redelik gelukkig en baie ander ongelukkig is – soos meeste ander dorpe en metropole en plekke soos Vanwyksdorp. Ek is ’n predikant wat ek hoeka besluit het om nie te wees nie, want ek het nie vrede met ’n teologie waar God op die kantlyn staan en kritiek lewer nie. Ek vra myself die vraag wat omtrent almal vra: Hoe nou gemaak? My storie oor die klein dorpie kon nie vir my ’n oplossing bied nie. Sien God wat aangaan op die aarde? Weet die Bevelsraad wat regtig aangaan in Suid-Afrika? Weet ek en jy wat aangaan in Calitzdorp? Ken jy jou buurman deur dik en dun? Is jou kinders ook al vir 10 jaar of langer van jou verwyder oor die water iewers in Nieu Zeeland of Kanada?

Ek sien in my spieël dat ek maak soos ’n Moses van ouds – ek kla voor God oor al die dinge van my lewe en wat die lewe aan my maak. Voor my is die Rooi See en agter my is ’n reuse weermag met vele taktiese pelotonne van politieke beheersug, pandemiese inperkings, dralende droogtes, ekonomie stortingsterreine almal op pad om te wil vernietig. En ek hoor die gefluister in my hart wat sê dat God nie op die kantlyn staan nie, maar in ons harte woon. En al wat in my ore influister is Moses se boodskap aan die volk dat ons nie bevrees moet wees nie, dat ons moet vasstaan en dat die verlossing van die Here beskikbaar is. Ek onthou ook vanuit die kinderbybel dat die Here vies was oor al die aanklagte van die volk en dat die Here aan Moses voorgestel het dat hy dit wat hy het, moet gebruik om die blokkasies voor hom in ’n oorwinning om te swaai.

En toe onthou ek dat in my storie die dorp se inwoners juis dit gedoen het en ek kliek skielik dat so ’n storie nes God se goedheid en genade nooit ’n einde het nie behalwe die van ’n nuwe aarde en ’n nuwe hemel. En ek onthou toe ook dat ons peloton bevelvoerder anders gepraat het as die korporaaltjie en vir ons dikwels herinner het daaraan dat wat baie keer so groot lyk eintlik klein is en dit wat ons dink weer klein is, baie groot kan wees want dit is hoe God deur ons inwerk in die wêreld. Vir ons bevelvoerder, wat altyd met ’n staf onder die blad rondgeloop het, was Moses en Joshua en Jesus praktiese ikone. Hy is hoeka salig, maar hy sou vir ons en die Bevelsraad baie kon gehelp het in hierdie tyd met sy Godgegewe wysheid – en dit het ons nou baie nodig. Maar veral elke klein gebed, elke klein daad, elke klein bietjie wysheid – met ons klein bydrae kan God groot dinge vermag, selfs ’n nuwe ekonomie en regering, oftewel die huishouding van God!